# DIE HUISGENOOT

## Geïllustreerde Weekblad

*Onder redaksie van J. M. H. Viljoen* — *Uitgegee deur Die Nasionale Pers, Beperk, posbus 692, Kaapstad*

DEEL XIX, NO. 646.] 10 AUGUSTUS 1934. GEREGISTREER AAN DIE HOOF-POSKANTOOR AS 'N NUUSBLAD. [PRYS 4D.


## Die Afrikaanse Eisteddfod

OP 10 deser neem die jaarlikse wedstryde van die Afrikaanse Eisteddfod weer 'n aanvang. Hierdie wedstryde is nie net 'n blote insident in die alledaagse lewe van die Moederstad nie: dit het al 'n gebeurtenis van die allergrootste belang geword in die kulturele lewe van Kaapstad en 'n groot deel van die Westelike Provinsie. Jaar na jaar, ondanks die stremmende uitwerking van die depressie, toe sy kapitaalkragtiger Engelse teenvoeter dit al moes opgee, het die Afrikaanse Eisteddfod met sy werksaamhede voortgegaan; en elke jaar kon daar vooruitgang gekonstateer word, indien nie in die een nie, dan in die ander afdeling. Ook hierdie jaar is daar vooruitgang, sowel ten opsigte van die getal deelnemers as in die omvang van die werksaamhede, want daar is etlike nuwe klasse bygevoeg. Maar wat nog belangriker is as die getal deelnemers, is die groot arbeidsveld wat gedek en die duisendtalle wat sowel direk as indirek deur die onderneming gebaat word. Want die bykans negehonderd inskrywings — 'n toename van oor die honderd — gee nie 'n juiste beeld van die omvang van die onderneming of die aantal deelnemers wat daarby betrokke is nie. Die mededingers wat in Kaapstad optree, is naamlik almal uitgesoek na voorlopige toetse wat in die skole gehou is. Voeg nog hierby die feit dar daar baie klasse is waarin een inskrywing 'n groot groep mededingers verteenwoordig — soos b.v. in die koorafdeling en die groepinsendings van handwerk — dan besef die leser dat die deelnemers nie net by honderde getel word nie, maar by duisende. Ons praat heeldag van kultuurdade. Die Eisteddfod is 'n kultuurdaad van die eerste rang, en hoe ver die invloed daarvan strek, merk ons daagliks uit die aantal briewe wat van oor die hele Kaapland en selfs uit ander provinsies ontvang word om voorligting te vra in verband met die oprigting van soortgelyke kunsverenigings.

Daar is veral groot belangstelling aan die dag gelê in die afdeling handwerk. Die Vroue-Landbou-unie van Kaapland het nie minder as sewe versamelings ingestuur nie. Hierdie werk is vroeër deur die A.C.V.V. gedoen, maar laasgenoemde liggaam lê hom nou uitsluitend op maatskaplike werk toe en het sy beker en daarmee ook die behartiging van hierdie werk aan die V.L.U. oorgedra.

Die afdeling elokusie is nog net so populêr as altyd en het 'n besonder groot aantal mededingers getrek, met 'n opmerklike vermeerdering in die klasse vir volwassenes. Ook die leesklasse is goed ondersteun, veral deur die jonger mededingers. In die afdeling letterkunde het die skoolklasse baie inskrywings getrek, hoewel die afdeling vir kortverhale nie veel steun gekry het nie. Die moeilikheid is hier dat die persone wat reeds hul spore as skrywers verdien het, nie meeding nie, terwyl dit aspirant-skrywers alte dikwels aan die nodige moed ontbreek om hul kragte hier te meet. Met die oog op die toekomstige wedstryde wil ons daarop wys dat die Eisteddfod veral bedoel is om sluimerende talente te ontdek, hoewel die ervare skrywer nie uitgesluit word nie, en dat daar vir elke begaafde jong letterkundige 'n redelike moontlikheid bestaan om 'n prys te verower en om later nog ekstra vergoeding te kry as sy werk vir publikasie aangeneem word. Buitendien kan iemand uit die verste uithoek van die land op gelyke voet meeding met 'n persoon wat in Kaapstad woon, daar die koste in beide gevalle dieselfde is. Ons hoop dus dat hierdie afdeling in die toekoms baie meer mededingers sal trek.

In die afdeling musiek is daar 'n aansienlike vermeerdering in die aantal skoolkore, waarvoor veertien inskrywings ontvang is. Die soloklasse is in party opsigte teleurstellend, hoewel die inskrywings as geheel bevredigend en mooi versprei is. Die instrumentale afdeling is 'n nuwe toevoeging tot die sillabus en het dus nog nie groot ondersteuning gekry nie, hoewel 'n mooi verskeidenheid dit as geheel baie interessant maak. 'n Spesiale nuwe klas in verband met die openbaring van musikale talent het geen inskrywings getrek nie. In hierdie klas word geen vaardigheid ten opsigte van uitvoering vereis nie, daar die toetse slegs bestaan uit die beoordeling van ritme, toonhoogte en -afstande en gradasie van toon. Inskrywings sal dus tot 18 deser ingewag word.

Inskrywings is uit al die vernaamste dorpe in die Westelike Provinsie ontvang, terwyl party afdelings mededingers van oor die hele Unie getrek het. Die afdeling komposisie het weer baie ondersteuning uit die Vrystaat getrek, terwyl ook in ander afdelings die steun van ons buurprovinsie besonder opmerklik is. Hierdie belangstelling is ongetwyfeld 'n bewys van die goeie werk wat deur die Bloemfonteinse Kunswedstrydvereniging en soortgelyke verenigings in die Vrystaat gedoen word.

Ten besluite wil ons, as beskermheer van die Eisteddfod, ons waardering betuig aan die Bestuur en aan die medewerkers van buite vir die onbaatsugtige werk wat hulle in verband met hierdie belangrike onderneming verrig. Ook die klompie donateurs wat jaar na jaar bereid is om hul hand in die sak te steek om die werk te help voortsit, verdien ons innige dank. Mag hulle hul beloning vind in die toenemende belangstelling in die Afrikaanse Eisteddfod en 'n daarmee gepaard gaande kragdadige opbloei van die Afrikaanse kultuurlewe.

### *IN DIE SEE*

MET die sout van die see op sy lippe  
en die kronk'lende skuim teen sy lyf,  
staar hy ver na die bloute se ronding  
waar die skaduwees dryf.  
En sy liggaam gespierd en so lenig  
gly verruk deur die golwe se groen,  
en hy duik en hy swem na die diepte  
oorreed deur die siltige reuk.  
En sy oë lag bly na die verte,  
wyl sy liggaam hier glans in die skuim,  
met sy lippe nog sout van die branding  
uit die ewige ruim.  
En hy tart dan die golwe al springend,  
wat hier wild soos wolwe verrys,  
en hy voel in sy kragtige lede  
asof geskok tot die werklikheid —  
die dood se vreeslike prys.

C. M. VAN DEN HEEVER

## AANTEKENINGE.

DIE verjaardag van wyle senator Langenhoven sal vanjaar weer herdenk word deur 'n spesiale program uit te saai wat aan sy werke gewy is. Daar sy verjaardag op 'n Sondag val (12 Augustus), sal die program die volgende aand uitgesaai word. Die reëlings is deur mej. Goldblatt, administrice van sy letterkundige nalatenskap, getref, en al die Suid-Afrikaanse uitsaaistasies het hul medewerking beloof. Besonderhede van die program sal in die dagblaaie verstrek word

Die manuskrip van dr. G. B. A. Gerdener se werk oor die Trans-Gariepse kerkgeskiedenis is onlangs deur die Moderature van die Ned. Geref. Kerk van die Vrystaat en Transvaal in ontvangs geneem. Dr. Gerdener het die geskiedenis in opdrag van die Ned. Geref. Kerk van die twee noordelike provinsies opgestel en die Moderature het besluit om dit binnekort te laat druk. Die opsteller van hierdie werk is nie 'n onbekende op die gebied van geskiedskrywings nie, want behalwe die lewensgeskiedenis van Charl Cilliers het daar enige jare gelede ook die *Boustowwe vir die Geskiedenis van die Ned. Geref. Kerk in die Trans-Gariep* van sy hand verskyn — 'n groot werk waaraan 'n verbasende hoeveelheid navorsingswerk ten grondslag gelê het.

Mnr. Uys Krige, die bekende jong Suid-Afrikaanse joernalis wat tans aan die Universiteit van Valencia in Spanje studeer, is nie alleen medewerker van etlike Suid-Afrikaanse koerante en tydskrifte nie, maar hy skryf ook gereeld artikels, verhale en gedigte vir Europese tydskrifte. Hy is o.a. medewerker van *Helikon*, die bekende Nederlandse maandblad vir poësie. Die redakteur van hierdie blad het hom nou gevra om hom verantwoordelik te stel vir 'n uitgawe van die blad wat uitsluitend aan die werk van die jonger Suid-Afrikaanse digters gewy sal word. Dis 'n uitstekende geleentheid om die werk van ons digters in Nederland bekend te maak, en ons voldoen dan ook graag aan mnr. Krige se versoek om die onderneming onder die aandag van ons digters — aan wie hy ook persoonlik sal skryf — te bring. Die uitgewers van *Helikon* sal reëlings tref om hierdie uitgawe van die blad ook in Suid-Afrika te versprei. Besonderhede daaromtrent sal later verskaf word.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2012